# VAN ONS SUSTERS

## PANNEKOEKTYD!



Ek hoop dat al die susters lekker gerus het, want nou is dit weer pannekoektyd!

Ons bak weer DV op **24 en 25 Julie** daar in **VanderHoffpark** en ons het jou nodig!

**Alles is welkom:** bestanddele, donasies, jou hande en geselskap! Bestanddele kan in die kombuis neergesit word en donasies by Wijmie of op ons rekening.

Die werkrooster is in die saal beskikbaar, jy moet net jou naam opskryf.

Het jy bottels en bakkies soos roomysbakke, margarien-bakke, klein en groot, wat jou huis vol staan?

Bring asseblief vir ons kerksaal toe. Ons het altyd hol goed nodig.

Mooi week vir almal! *Alta*

## DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom. .



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 42, nr 22 Sondag 19 Julie 2026
*REDAKTEUR:* **RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422**
**rudynell@jenny.co.za**

**Eredienste:** 09:30 en 17:00
**Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600**
**Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Janru Smit
**Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
**E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurte by eredienste en Huis Eikelaan om 15:30:**
**Ouderlinge:** Wyk 11 **Nico Spaumer** en wyk 12 **Loffie Eloff**
**Diakens:** Wyk 11 **Gert Kruger** en 12 **Pieter Bouwsema**
**Teebeurt:** Wyke 4, 5 & 6 **Ina Roos, Ineke Bakker** en **Anri van Heerden**

## EREDIENSTE Dienste gelei deur ouderling Rynhardt Landman

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens 9:30, aanddiens 17:00 Eredienste ook per whatsapp**

**OGGEND** Baie dankie aan ouderling Rynhardt Landman wat vandag albei dienste waarneem. Ons bid hom die seën van die Here toe met die woordbediening.
Baie dankie ook aan Janru Smit wat vandag die orrel-begeleiding waarneem.

**Woordbediening: Romeine 12**
**Sing vooraf:** Psalm 69: 12, 13, 14
**Sing:** Psalm 116: 1, 3, 5: Psalm 16: 2, 3, 5; Psalm 119: 26, 42; Skrifberyming 8-1: 1, 2
**Sing met meelewing:** Skrifberyming 14-1: 1, 2

**EREDIENS om 17:00**
**Woordbediening:** Psalm 1.
**Sing vooraf:** Psalm 25: 1, 4
**Sing**: Psalm 100: 1, 2, 3, 4; Skrifberyming12-2: 1, 2, 4; Psalm 1: 1, 2; Psalm: 92: 4, 6
**Wegstuurseën**: Psalm 84: 3, 6

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die **ROOI** sakkies vir die ***Trans Oranje Instituut***
**MIDDAG:** Diens van Barmhartigheid (BLOU) en Kerkkas (Rooi)
**Volgende week: Teologiese Studentekas**

---

**EREDIENS: HUIS EIKELAAN**
**Ds Nic Laubscher** sal vanmiddag om 15:30 in die erediens in die kapel van Huis Eikelaan voorgaan. Ouderlinge Nico Spaumer en Loffie Eloff sal die toesigbeurt waarneem.

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**MEEGEVOEL** Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

**VOORBIDDING**
Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

**Lourens du Plessis** is Woensdag uit MediKliniek ontslaan en sterk aan in Huis Eikelaan se versorgingeenheid.

**Jeanette Fourie** is Sondag in MediKliniek opgeneem.

Ons doen voorbidding vir ons broers en susters wat in die onderskeie versorgingseenhede versorg word:

***Huis Eikelaan:*** Srs. Mien Prinsloo, Emmarentia Stoop, Johanna van Vuuren, Ria Serfontein, Hermien van der Spoel, Willie van der Walt asook Sr Ria Buys, wat palliatiewe sorg ontvang.

***Ons Hulde:*** Sr. Rita Schutte. ***Groenwilgers:*** Sr. Annatjie Kruger.

***Huis Anna Viljoen:*** Brs. Peet Buys en Fanie Coetzee, srs. Nanna du Plessis, Jeanette Fourie, Ronnie van Tonder en Tienie Venter en Marinda Snyman.

*Daar is ook 'n aantal van ons broers en susters wat in die* ***dorp, die toringblok en simplekse van Huis Eikelaan*** *woon wat vanweë gesondheid en verswakking nie die eredienste kan bywoon nie:* sr. Ria Esterhuizen, sr. Cathrien de Jager,



sr. Estie Duvenage, sr. Anna Havenga, sr. Suzie Marais, sr. Lettie Vorster, sr. Anneke Markgraaf, br. Bennie en sr. Wouna van der Berg, br. Jan Kroeze, br. Lappies en sr. Henna Labuschagne, sr. Lalie Venter.

**DANKBAARHEID**
Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

Baie geluk aan **Peet Buys** wat onlangs nog twee agter-kleinkinders ryker geword en nou kan spog met 33 agterkleinkinders! Groot genade!

## ALGEMENE AFKONDIGINGS

**Ter approbasie vir ouderling:**
**Gert van Blerk** word voorgestel as ouderling vir die verswakte bejaardes wat in dorpswyke in die gemeente woonagtig is. Indien hy die roeping opvolg, sal hy en **Nelis Coetsee**, wie se naam vroeër reeds 3 keer afgekondig is sonder enige beswaar, op Sondag 9 Augustus bevestig word as ouderlinge.

### DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| So | 19/07 | 15:30 | Erediens Huis Eikelaan<br>ds Nic Laubscher | Kapel |

| KATKISASIE | Sondag 26 Julie | Sondag 2 Augustus |
|---|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 17 (JvD) | Les 18 (RL) |
| **Laerskoolkatkisasie** | (RL) | (JvD) |
| **Lesrooster:**<br>**Psalmvers:**<br>**Heidelbergse Kategismus:**<br>**Memoriseerwerk** | 1 Samuel 3<br>Psalm 65: 2<br>Sondag 40<br>Eksodus 20: 14 | 1 Samuel 15<br>Psalm 65: 2<br>Sondag 41<br>Eksodus 20: 15 |

**BYBELSTUDIE:**
U word hartlik uitgenooi om by enige van die Bybel-studiegeleenthede in te skakel: die Bybelstudie van Donderdag-oggend hervat weer na die skoolvakansie.

GKSA SE RAMINGS PER BELYDENDE LIDMAAT
VIR 1 JULIE 2026 TOT 30 JUNIE 2027

| | Raming per belydende lidmaat | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 2026 | 2027 | 2027 | |
| | | | % verander | % van totaal |
| Aantal belydende lidmate | | | | |
| EVT gemiddeld | 542.06 | 574.00 | 5.9% | 53% |
| Medies | 188.46 | 199.56 | 5.9% | 19% |
| Thuso | 39.87 | 42.22 | 5.9% | 4% |
| | **770.33** | **815.77** | **5.9%** | **76%** |
| TSP | 161.16 | 165.97 | 3.0% | 15% |
| Adminburo | 54.21 | 55.84 | 3.0% | 5% |
| Sinodekas | 11.07 | 11.40 | 3.0% | 1% |
| Argief | 9.86 | 14.72 | 49.3% | 1% |
| Studentehulpkas | 13.87 | 14.28 | 3.0% | 1% |
| | **1 020.54** | **1 077.98** | **5.6%** | **100%** |

## *VERJAARDAE GEDURENDE VAKANSIE*

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende die vakansie hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| Dag | Datum | Naam & van |
|---|---|---|
| So | 19/07 | **Dana du Plessis** 082 467 6069. Wyk 4 |
| Ma | 20/07 | **Monique de Klerk** 078 802 6478. Wyk 7 |
| Di | 21/07 | **André Joubert** 062 289 0181. Wyk 6 |
| Wo | 22/07 | **Jorinda van Schalkwyk** 079 856 7354. Wyk 5 |
| Do | 23/07 | **Kylie Bartlett.** Wyk 1 |
| Sa | 25/07 | **Hanru van Heerden (9).** Wyk 9 |

**Bede met meelewing:** Skrifberyming 14-1: 1, 2

Geopende Deure

# FRONTLINIE GELOOF

Vervolg Maar nooit alleen.

Beste Gereformeerde Gemeente – Potchefstroom

Die COVID-19-pandemie was 'n surrealiste tyd.

**Onthou jy hoe dit gevoel het?**

Om na 'n kerkdiens op 'n skerm te kyk. Om troues en begrafnisse aanlyn by te woon. Om in klein groepies bymekaar te kom omdat groter byeenkomste nie moontlik was nie.

Talle van ons het vir twee vreemde jare iets verloor wat ons dalk as vanselfsprekend aanvaar het – die vermoë om vrylik bymekaar te kom. En deur dié voorreg te verloor, selfs al was dit net vir 'n kort tydjie, het ons besef hoe kosbaar dit regtig is.

Dit is vir baie vervolgde Christene egter nie net 'n herinnering aan 'n spesifieke seisoen nie. Dit is hul alledaagse lewens.

**Welkom in die wêreld van die ondergrondse Kerk – waar dit kosbaar is om vir aanbidding bymekaar te kom en waar om Jesus te volg jou gesin, huis of veiligheid kan kos.**

**Onthou hulle vandag**

Hierdie Sondag sal baie van ons bymekaarkom om te aanbid sonder om twee keer daaraan te dink. Elke diens is egter vir Kanya, Phonesay en ander gelowiges soos hulle 'n kosbare geskenk wat môre kan verdwyn.

Bid asseblief vir gelowiges soos hulle in Laos en die ondergrondse Kerk regoor die wêreld.

## DIAKONIE SE KOSKAS

**Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.**

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta.

*(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).*

## WAT VAN 'N KOPPIE WARM TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?



Die Susters van wyke 4, 5 & 6 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet

